
# STROOM~OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
EERSTE KWARTAAL 1991

# Heil Die Affies



*"Spanner en "Roof" met dié wentrofeë.*
**(Foto: David Louw)**

## Interhoër a la Affies

**— Denise J van Rensburg**

**Verslae Klofies het op Vrydag, 1 Maart, die Pilditchstadion verlaat, nadat Affies 'n wegholoorwinning behaal het.**

Vir die eerste keer in een-en-twintig jaar slaag Affies daarin om die dogters-, seuns- en (nie-amptelik, natuurlik!) die spankompetisie van Interhoër te wen.

Regdeur die atletiekseisoen het atlete goed vertoon en tydens elke byeenkoms (o.a. die teen wenners uit die stryd getree! Tog het hulle skittervertoning by die Interhoërbyeenkoms steeds daarin geslaag om baie ondersteuners (en dalk veral nie-ondersteuners) na hul asems te laat snak. Na sulke prestige-atletiek en borrelende gees (onder die leiding van baie "koel" dirigente), kan 1 Maart met trots in die Afrikaanse Hoërskool se joernale opgeteken word.



## Beeldnuus oor segetog

### Affies juig ná interhoër

**— Morris Gilbert**

**Met goeie rede het die vreugde van atlete en ondersteuners van die Afrikaanse Hoër Seunskool en die Afrikaanse Hoër Meisieskool Vrydag by die interhoërbyeenkoms van die A-bond in die Pilditchstadion geen vreugde geken nie.**

**Hoewel Waterkloof die groottotaal-wenner was, is dié skool vir alle praktiese doeleindes as interhoër-kampioen onttroon.**


**In die afdeling vir seuns het die Afrikaanse Hoër Seunskool die eerste keer sedert 1986 die septer geswaai, terwyl die Afrikaanse Hoër Meisieskool sover bekend die eerste keer in die afgelope kwarteeu in die afdeling vir meisies geseëvier het.**

**Die finale puntestand was:**

**Seuns:** 1. Afrikaans Hoër 470; 2. Waterkloof 391; 3. Zwartkop 276; 4. Menlopark 269; 5. Die Wilgers 260; 6. Wonderboom 244; 7. F.H. Odendaal 221; 8. C.R. Swart 215.

**Meisies:** 1. Afrikaans Hoër 396; 2. Waterkoof 372; 3. Die Wilgers; 4. Wonderboom 279; 5. F.H. Odendaal 266; 6. Menlopark 239; 7. Zwartkop 225; 8. C.R. Swart 191.

**Groottotaal:** 1. Waterkloof 763; 2. Die Wilgers; 3. Wonderboom 523; 4. Menlopark 508; 5. Wonderboom 523; 6. F.H. Odendaal 487; 7. C.R. Swart 406.



## Meisies wen Sasol-atletiek

Die dogters sorg vir 'n groot verrassing deur in hul eerste deelname aan 'n Sasol-eindronde as kampioene gekroon te word. Skitterend!

## Interhoër — 750 werk saam

**— Jacus Engelbrecht**

**Samewerking en spanwerk, soos niemand nog ooit gesien het nie, is vanjaar op interhoër gesien.**

1991 se Interhoër sal onthou word, deur elke Affie, vir die skitterende prestasie op die baan en veld. Ook die ongelooflike gees op die pawiljoen met die samewerking van die sessies tot die matrikulante — om van 1 Maart 1991 'n sukses te maak.

Elkeen span saam en doen sy deel in die stalletjies, op die baan en met die organisasie van die byeenkoms.


Daar was die seuns wat die heeldag in die stalletjies moes werk om kos te verkoop, wat bitter min atletiek gesien het — tog was daar 'n besondere gees onder dié seuns — 'n gees van spanwerk, 'n gees om van dié dag 'n sukses te maak.

Dan was daar die seuns wat mnr Myburgh gehelp het met die eregaste op die hoofpawiljoen, dié wat mnr Oosthuizen gehelp het op die veld en laastens die seuns wat mnre Du Plessis en Roux gehelp het op die pawiljoen — die sogenaamde "sangatlete".

Die kroon is egter te plaas op dié samewerking op die veld, toe Affies soos een man die skoollied (laaste!) sing, na 'n oorwinning van 79 punte oor Waterkloof!

Affies het Piltditch op die eerste Maart "gerun" — en dit was mooi!

## Nog 'n Direkteurstrofee



*Riaan Cloete, mnre Hennie Kotze, TLP Kruger, L Swart en Andre Ferreira (kaptein) met die trofee.*

**Secunda — Die Afrikaanse Hoër Seunskool van Pretoria is Saterdag hier as die Nasionale Verkeersveiligheidsraad se Direkteurstrofee-atletiekkampioene van 1991 gekroon.**

Dit was die eerste keer dat Affies koning gekraai het. Verlede jaar se kampioenskap in die afdeling seuns, Waterkloof van Pretoria, het derde geëindig. Die Afrikaanse Hoër Meisieskool het vir die eerste keer sedert die Direkteurstrofee-byeenkoms ingestel is, tweede geëindig in die dogtersafdeling.

As Saterdag se byeenkoms een ding bewys het, is dit dat die Direkteurstrofee-kompetisie in atletiek jaarliks in aansien groei en die mededinging ook al hoe strawwer word.

'n Sprekende bewys hiervan was die klein punteverskil tussen die agt spanne in elke afdeling en die tien Oos-Transvaalse en 40 byeenkoms-rekords wat in uiters gure weer opgestel is. Dit het byna die hele dag gereën en 'n ysige wind, wat by tye baie sterk gewaai het, het dit nog moeilikker vir die nagenoeg 850 deelnemers gemaak.

Affies se Riaan Olckers het 'n nuwe Oos-Transvaalse rekord opgestel met sy 15,14 meter in die seuns onder 14 gewigstoot.

Die meisiesskool het ook prag atletiek gelewer, maar het tweede geeindig, na 'n baie goeie span van Lichtenburg.

Die finale puntestand was:


**Seuns:** 1. Afrikaans Hoër 250; 2. Hugenote 181; 3. Waterkloof 177; 4. Hoogenhout 174; 5. Jeugland 173; 6. Gimnasium 171; 7. Ben Vorster 157; 8. Ermelo 120.

**Meisies:** 1. Lichtenburg 258; 2. Afrikaans Hoër 204; 3. Pietersburg 195; 4. Waterkloof 184; 5.

# KULTUUR/SOSIAAL

## Vaaltyndag


— Johan Nel



**Woensdag, 13 Februarie, was die koshuis van AHS leeg. Hierdie keer, gelukkig, nie maagepidemie nie, maar iets nader as 'n hartepidemie.**

Vaaltyndag was om die draai en almal was druk besig om in die CNA's kaartjies vir die blaartjies te koop.

Al die kaartjies is Donderdagoggend uitgeruil — die meisies s'n na die seuns toe en die seuns s'n na die meisies toe. Dit was erger as Curriebekerkoors.




Na almal hul kaartjie(s?) ontvang het, het die meisies by die Seunskool kom pouse hou. Meisies en seuns het mekaar vriendelik, dog verdag gegroet (ek bedoel, miskien het sy vir my 'n kaartjie gestuur!) en daarna het groepies stadig op die rugbyveld begin vorm. Toe die seuns terugkeer na hul klaskamers nadat die meisies weg is, was dit met 'n lied in die hart: "A flower a day keeps the heartache away."



Alhoewel elke Vaaltyn by Affies amper dieselfde is, het een ding hierdie jaar ontbreek — Annie, wat's fout? Waar was jou storie oor 'n donkie of 'n oompie of 'n tannie of sommer enige storie? Het jy bang vir ons seuns geword?

Vaaltyndag was 'n lekker dag.

## Oud-Affie Feesdinee

— Mnr Jan Pretorius

**Vrydagaand, 22 Februarie is gekies vir die feesdinee met sy uitgelese oud-Affies en die gaste by die Pretoria buiteklub was o.a.: dr en mev Simon Brand, dr George en Marrichen Lindeque, prof dr Rennie du Plessis, Rossouw en Elsa Snyman en o.a. Petrus Erasmus van Malelane (onderhoofseun 1947) en sover as Windhoek, Johan Geringer se broer.**

Die gaste word verwelkom deur die voorsitters, mev Vera de Klerk en mnr Jan Pretorius — die twee oud-leerlingbonde van AHM en AHS vir die feestelikheid het saamgespan.

Gordon van der Spuy en Louis Taljaard het 'n goeie keuse gemaak — d.i. 'n gawe omgewing — en die saal is keurig voorberei. Die borge se uitstalling is gepas, die blomme en kerse maak 'n verskil en groepe van tien versamel gesellig saam.

Ds Gustav Pfeil doen die tafelgebed en vrede daal op ons neer. Seremoniemeester, Laurie Botha, laat die verrigtinge vlot.

Dr Daan de Klerk oorhandig die Ambassadeurstoekennings aan dr Johan Kritzinger en mnr Reinhardt Muller.

Die statige regter en sy gade, reflekteer 'n veertiger Affie-prototipe — en 'n lewensverhaal waarop almal trots is. Mnr Jackie Kruger oorhandig die erepenning. Die regter verwys o.a. na sy onnutsige klasmaat, Hendrik Schoeman, wat op 'n dag met bank en al deur die 380 lb mnr Lubowski by sy klas uitgelanseer is, nadat papiere spontaan onder sy bank ontbrand het en die rook soos Kaïn se offer eenkant toe getrek het, deur die inkpotgat. Toe die reus op hom afstorm, het hy nog die moed om soos 'n stroomtrein te blaas op die ritme van die nader — treënde verskrikking (simboliese geluide).

Johan-Louis en Eone Pretorius sorg dat die pryse 'getrek' word wat 'n naweek insluit vir 'n gesin by Thabo Monate Wildplaas.

### OUERS!

*Baie dankie aan die ouers vir hul ongelooflike betrokkenheid en entoesiasme in die skool, veral vir hul bydrae met die Interhoër-projek.*

**— Die Leerlinge, AHS**



## Rekenaarsuitslae van redenaarsfees gereël deur gilde van spraak en drama-onderwysers

**Afrikaanse afdeling:**
**Beste spreker:** Seniors: Johan Nel, St.9 (Behaal 'n tweede plek) A;
**Beste spreker:** Juniors Jac Joubert (St.6) B+;
**SPANNE:**
**St.6 A-Span:** Jac Joubert, Amir Zarrabi, Willie Wessels, Abrie Coetzee — Gemiddelde punt A-.
**St.6 B-Span:** Michael Gordon, Pieter Lottering, Jaco Crause — Gemiddelde punt B7.
**Mnr P le Roux:**
**St.7A-span:** Dirk Badenhorst, Phillipus Visser, Arnold de Swart, Johan Pieterse — C+.
St.7B-Span: Chris van Niekerk, Murray van Schalkwyk, Marcel Craus, Jan-Hendrik Beetge — B+.
**Mnr E Prinsloo:**
**St.8 A-Span:** Hylton Cruse, Louw Hofmeyer, Arno Coetzee, Pierre Lombaard — B+.
**Mnr D Heyns:**
**St.9 A-Span:** Claudius du Plooy, SJ de Beer, Mike Roos, Johan Nel — A.
**St.9 B-Span:** Nico Snyman, Johan O'Kelly, Bernard Odendaal, Jaco Purchase — Bt.
**Mev T le Roux:**
**St.10 A-Span:** Johan van Huyssteen, Jacus Engelbrecht, Werner Barnard, Schalk de Lange — A+ (Tweede plek).
**St.10 B-Span:** Janneman du Buisson, Marius vd Merwe, John-Louis Pretorius, Erich vd Linde — B+.

## *Truk besoek AHS*

— Arno Louw

**Op Maandag, 25 Februarie, het TRUK hulle jaarlikse besoek aan Affies gebring. Hierdie besoeke is altyd 'n gewilde gebeurtenis op Affies se kalender.**

Die matrikulante se voorgeskrewe werke is as basis geneem en 'n verkorte weergawe is van onderskeidelik "Die Keiser" en "The Merchant of Venice" gelewer. 'n Nuwe blik is op die werke gewerp vanuit 'n oorspronklike oogpunt.

Hulle optrede was, soos gewoonlik, voortreflik en nog meer só, as jy die gegewe in ag neem: 'n leë, milieulose verhoog met byna geen rekwisiete nie. 'n Goeie verbeelding was dus (soos hulle ook gesê het) 'n basiese benodigdheid. As 'n mens mooi daaroor dink, is dit eerder 'n voordeel as 'n nadeel: i.p. daarvan dat ons alles met 'n teelepel gevoer word, soos deur die televisie, moes jy nou jou eie fantasiebeeld skep.

Hulle het ons 'n kykie op die lewe van 'n dramastudent gegee en aangemoedig om die teater gereeld te besoek. Ons waardeer dit opreg.


Alle sterkte aan dié talentvolle geselskap.



*Oud-Affies se Bestuursraadvoorsitter, mnr Jackie Kruger, nog 'n bestuurslid, dr Antonie Gildenhuys, president van die Prokureursorde van Transvaal, regter CFE Eloff, regter-president van Transvaal en oud-Affiebond voorsitter, Jan Pretorius.*

## Affies in Duitsland

— Carl Kaiser



*Ambassadeur, mnr. Rein Muller.*

**Vol afwagting het vier Affies: Hendrik Nieman, Jacus Engelbrecht, Gustav Bertelsmann en Carl Kaiser, verlede jaar op 5 Desember na Duitsland vertrek.**

Hulle het deelgeneem aan die Suid-Afrikaanse Duitse Kultuurvereniging se skoliere-uitruilprogram en sou vir 'n maand by 'n gasfamilie daar tuisgaan.

Die doel agter die projek, was om hulle met hulle Duits te help, asook om hulle meer te leer omtrent die Duitse kultuur en leefwyse.

Hendrik en Gustav was beide na Noord-Duitsland en Carl na Suid-Duitsland. Dit was wonderlik! Duitsland is 'n pragtige land en die mense se gasvryheid en behulpsaamheid was baie opvallend.

Al die Affies was ten minste eenmaal saam met die familie se kinders skool toe. Dáár is 'n groot ophef gemaak van hulle en hulle moes baie vrae omtrent Suid-Afrika beantwoord. Dit was verbasend hoe min die mense omtrent Suid-Afrika weet!

Dit was 'n wonderlike ondervinding om te help om nuwe bande met die Duitsers te smee — ten voordeel van elke Suid-Afrikaner in ons pragtige land.

## AHS-Koorkamp

— Johan Nel

**Na die spannende atletiek op 8 Februarie, terwyl almal huiswaarts gekeer het, het 53 koorlede en twee onderwysers die pad na die Reynecke-kampterrein gekies, vir die jaarlikse koorkamp. Na die hoë mikpunte wat die koor met die aanvang van die jaar gestel het, het almal geweet dat daar tydens die koorkamp hard gewerk sou word. So was dit dan ook.**

Die bus het ongeveer elfuur die aand by die bestemming aangekom, en almal is dadelik in kamers ingedeel. Voor mnr Du Plessis nog kon begin raas dat almal moet slaap, het 'n ses-stemmige snork oor die hele terrein gehang. Almal was doodmoeg.

Danksy die flukse ma's, het almal Saterdagoggend 'n heerlike ontbyt geniet. Daarna was dit net een pad tot middagete toe: oefen. Een van die koor se mikpunte vir 1991 is om die Direkteurstrofee vir koorsang in te palm. Almal weet egter dat dit slegs deur harde werk sal gebeur, en daarom het al die stemgroepe - onder leiding van die verskillende stemleiers - dit met toewyding en konsentrasie gedoen. Nog nooit was 'n middagete so lekker nie.

Na drie ure se harde oefening die middag, kon almal vir twee ure ontspan. Die meeste het die koppie agter die terrein gaan verken, maar daar was dit die "foefieslide" by die rivier, wat 'n groot treffer was. Sommige onderwysers het gesê dat hulle gaan draf, maar jy weet, jy word oud as jou draf nie veel meer as 'n laat-middag-stap is nie. Niemand het die opmerking egter **voor** mnr Du Plessis gemaak nie.

Na 'n heerlike Sjinese braai, het almal weer ontspan, en teen elfuur was die hele terrein weer stil. Die naweek was amper verby.

Sondagoggend, voor ontbyt, is almal koppie toe waar mnr Du Plessis 'n kerkdiens in die kleine met Skriflesing en gebed gehou het. Die natuurskoon was asemrowend en almal kon die Here se teenwoordigheid voel. Na ontbyt, is met die laaste oefensessie begin, en voor jy jou kon kry, was dit eenuur en tyd vir die laaste ete.

Na die braai, het almal lui-lui gaan pak en die kamers netjies gemaak. Die bus het ongeveer vieruur vertrek, en almal was baie hartseer, maar baie tevrede en gelukkig na 'n heerlike kamp.

Graag wil die koor al die ma's (mevv Elly Smith, Sylvia Wilke en Maryna Smith) bedank vir die vyfster-etes wat hulle voorberei het. Dit was puik. Dankie ook aan mnre Du Plessis en Roux, wat hulle naweek vir die koor opgeoffer het; dit was werklik 'n fees.

Net 'n laaste boodskap: Hou die koor dop in 1991 — hier kom 'n ding!

## Meneer Kruger neem simboliese balk in ontvangs

*Baie dankie, John-Louis, vir die balk wat jy vanmôre vir die herdenking van ons 71e verjaardag aan my oorhandig het.*

*Ek ontvang graag hierdie balk namens alle Affies wat in 1991 in die skool is.*

*Dames en Here en Seuns, ons moet besef dat hierdie balk wat uit die huis van genl. Piet Joubert kom wat aan ons skool sy ontstaan gegee het, 'n simbool is van tradisie wat vir 71 jaar, elke jaar, aan elke Affie oorgedra word.*

*Hierdie balk spreek ons aan dat ons nie mag vergeet dat daar oor 71 jaar 'n stryd gestry is vir ons* ***volk*** *en veral ons* ***taal*** *nie. Ons het vanmôre by aanhoor van die geskiedenis van ons skool, asook ons erekode, gehoor hoe 'n belangrike plek ons taal in die geskiedenis gespeel het. Tewens, dit is hoekom ons skool eintlik tot stand gebring is.*

*Ons wat in die saal sit — respekteer ons nog ons taal? As ons na die geskiedenis luister, moet ons ons afvra of ons nog die tradisie voortdra.*

*Ons optrede moet deurgaans so wees dat die tradisie in ons raakgesien word en ons moet besef dat wanneer ons ons besig hou met optredes buite hierdie tradisie, ons nie 'n ware Affie nastreef nie en ja, eintlik nie welkom is by Affies nie.*

*Kom ons vat hande en dra hierdie tradisie na die beste van ons vermoë uit.*

*Dankie*

**TLP Kruger**
**HOOF**

# KULTUUR/SOSIAAL

## CNA maak geld

— Marika Botha

**Die dag ...**

Hierdie jaar het Valentynsdag op 'n Donderdag geval.

Die hele week lank was die Affiemeisies — veral die st.6'e — baie opgewonde. 'n Hele nuwe wêreld het op 14 Februarie 1991 vir hulle oopgegaan. Hierdie jaar was dit Meisieshoër se beurt om die besoekende skool te wees — d.w.s. hulle het nie Boys High nie, maar Seunshoër besoek ...

Die personeel van die twee skole het seker nie te lank gekuier in die biblioteek nie, want kort voor lank moes almal terug skool toe — dis nou almal behalwe die st.10'e wat tot half-twee vleis gebraai het — daar sal liewer geen verslag hieroor gelewer word nie. Net een versoek: al die st.9's van albei skole hoop die instelling word 'n tradisie.

Die dag se gebeure word as volg opgesom: CNA, Cardies en Exclusive Books het baie geld uit die Affies gemaak.



**Vlnr:** *Tania Coetzee (1e prinses), Lizette Otto, Lelanie Schaffner (Mej Valentyn), Roxana Fuchs (2e prinses).*

**Die aand ...**

Die dag is afgesluit met 'n Mej. Valentynkompetisie, aangebied deur st.9C (van Meisieshoër, natuurlik!).

Die kompetisie het geen byval gevind by die senior leerlinge nie, maar 'n groot aantal inskrywings is van die juniors ontvang. Die aand het getuig van baie moeite, inisiatief en styl. Dit het Frankryk as tema gehad "because no one says I love you quite like the French!"



*9C het groot sukses behaal met hierdie fondsinsamelings-projek vir die matriekafskeid.*



*Selfs mense met gesag vier rooi-neus dag!*



## AHM — Nog 'n rekord!

— Denise van Rensburg

**Op Donderdag, 7 Februarie het die Affies hulle hande vol gehad om buitestaanders buite te hou! Die rede? Die onweerstaanbare geur van pannekoek waarin die skool gehul was.**

Die OOV het reeds van vroeg af gespook om al die pannekoek en vulsels voor te berei vir die ouers en dogters wat die aand om 18:00 in die saal vergader het. Na 'n motiverende toespraak deur mej. Venter, het die gesellige "pannekoek- en kuieraand" begin.

Die geleentheid was definitief 'n sukses — daarvan het die rekordhouers in die siekekamer die volgende dag getuig. Die rekord? Vyf-en-twintig gevulde pannekoeke in twee ure!

## Verjaardagfees

— Therese Bentum

**Op Vrydag, 25 Januarie 1991, het 800 verwarde jongelinge by die blou hekke ingestroom. Dit was meteens of 'n donkergrys wolk oor die terrein getrek het.**

'n Bietjie ontuis met die situasie, het die 800 gebloudes hulle na die hokkieveld begeef. Die rede: om saam pouse te hou.

Soos almal reg voorspel het, was dit maar weer die ou storie van seuns aan die een kant, meisies aan die ander kant. Daar was wel 'n paar groepe van "gemengde oorsprong", maar oor die algemeen het apartheid sy tol geëis.

Moet daar nie dalk eerder gepoog word om die twee skole op 'n meer opvoedkundige vlak te laat meng nie? Dit sal in elk geval meer natuurlik en spontaan wees om iets opbouends saam te doen as om gedwing te word om 'n uur lank op 'n hokkieveld rond te staan ...






## Koorkamp '91

— Liezl de Beer



*Juffrou, wáár sing ons nou?*

**Vrydag, 23 Februarie om drie-uur die middag het sowat 60 Koor-Affies op sekerlik die lekkerste kamp nog, vertrek. Die jaarlikse koorkamp by Mooidam, is 'n instelling wat menige Affie vir niks ter wêreld mis nie.**

Hierdie jaar se kamp was geen uitsondering nie. Baie koorlede het later gekom of vroeër vertrek, maar almal was die een of ander tyd daar om ook in die pret te deel. En was dit nie pret nie!

Almal het onder 'n oop lapa geslaag — wat baie aan die veldskool laat terugdink het. Mev. Krüger het natuurlik die bed "gedêps" en mej. Visser die enigste matras — die res van ons moes maar improviseer. Met die bloedige hitte, Saterdag, was daar gereeld meisies wat in die sementdam baljaar het. Saterdag is daar ook aan die kampkonsert geoefen. Vanjaar se Saterdag-aand-konsert was na almal se mening 'n groot sukses. Met sulke oorspronklike Affies as die skrywers, regiseuses en aktrises, kan dit nie juis anders nie. Daar was Romeo en Juliet vir die kunssinniges, alternatiewe vermaak vir die meer uitgesprokenes onder ons en selfs twee Affieseuns (Ulla en Manjo) wat die meisies betower het.

Tussen al die gelag en gekuier deur is daar darem ook hard geoefen. Almal se gees was egter so goed en die singery so lekker dat niemand wou ophou nie. Daar is tot eenuur in die oggend gesing. (Het die voortrefklike kos dalk iets te doen gehad met almal se hoë energievlak?)

Die koorkamp was regtig 'n fantastiese ervaring. Al het die muskiete ons amper almal verorber, en al was daar 'n effense probleempie met die watervoorsiening, is ek seker dat nie een Koor-Affie die kamp ooit sal vergeet nie.




*"Flower Power!"*
*'n Hele*
*Horde*
*Hippies*
*Het*
*Hierdie*
*Heugelike aand*
*HERLEEF!*

*JEUGKOOR*



**Vlnr:** *Marna Beukes, Heidi-Marie Steenekamp, Frances van der Byl, Liezl de Beer, Alet van der Merwe.*
*Afwesig: Therese Bentum.*

# Oud-Affies van die Kwartaal



**Dr JJ Kritzinger**

**Op 23 Oktober 1954 is dié knap oud-Affie, Johan Kritzinger gebore.**

Sy skoolopleiding begin hy aan Valhalla Laerskool, Pretoria en matrikuleer aan die Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria waar hy 'n koshuisleerling was. Sportaktiwiteite bly nie agterweë en middelafstande in atletiek, muurbal en krieket is beoefen.

Dr Kritzinger voltooi M.B.Ch.B aan die einde van 1978 en doen ondervinding op in die Interne Geneeskunde, Pediatrie Chirurgie. Hy het by die Wetenskaplike Nywerheidsnavorsingsraad in Pretoria diens gelewer en het onder andere 'n Selkultuur Laboratorium hanteer en in die ProteïenChemie Kanker Laboratorium gewerk.

Dr Kritzinger hanteer die Neurologie en Rumatologie Klinieke tydens sy inwoning in Een Militêre Hospitaal en neem deel aan ICI Navorsingstudie vir die Glozic anti-Rhumatoide artritis middel. Hy doen grensdiens vir vyf maande in Namibië en Angola en word vereer met die Pro Patria Medalje hiervoor.

Hy praktiseer as 'n Algemene Praktisyn. In 1980 te Pretoria, begin hy 'n Solospraktyk, voer die praktyk suksesvol vir drie jaar met wye ondervinding in klein chirurgie en Algemene Praktykvoering ten opsigte van Interne Geneeskunde, Obstetrie en Pediatrie. Dan sluit hy aan by die Departement Interne Geneeskunde van die Universiteit van die Oranje Vrystaat in 1984 en voltooi M.Med Interne Geneeskunde in Julie 1988. Hy word 'n Genoot van die Kollege van Geneeskunde as Internis in April 1988.

**Navorsingsprojekte sluit in:**

— H.I.V. in Nierdialisepasiënte.

— Rudimentêre koronêre arterie.

— EKG afwykings.

Tydens die Kollege van Geneeskunde-eksamen verwerf hy verskeie onderskeidings.

Tydens die vier jaar word hy in bevel geplaas van die Rumatologie Afdeling en bedryf dan hierdie Kliniek eiehandig vir een jaar.

Dr Kritzinger begin 'n Interniste Praktyk by die Garden City Kliniek, Johannesburg 1988 en word lid van die Suid-Afrikaanse Gastro-enterologie Vereniging 1990. Hy verwerf Registrasie by die General Medical Council van die Verenigde Koninkryk in 1991.

Tydens die twee jaar 1988/89, en vroeg 1990, word hy lid van die Rumatologie Department by die Universiteit van die Witwatersrand en word as konsulterende Rumatoloog gebruik ten opsigte van die SLE Kliniek en Rumatoïede Artritis Klinieke.

Tydens die twee jaar in Interniste praktyk, voltooi hulle twee Navorsingsstudies ten opsigte van antibiotika en prostaglan diene in urine wat in 1992 gepubliseer word.

**Buitemuurse aktiwiteite:**

Dr Kritzinger is 'n kunsversamelaar veral ten opsigte van antieke Oosterse kuns en Wes-Afrika-kuns. Hy word beskou as een van vier spesialiste in dié veld in Suid-Afrika en publiseer ook reeds artikels ten opsigte van Afrikakuns.

Hy is lewenslange lid van die F.A.K., en die Pretoria Kunsmuseum.

Hy is getroud in 1981 met Lina Botha en het een dogter uit die huwelik, Nicola. (Sy is tans vier jaar oud).

Die oud-Affie ontvang 'n studiebeurs, maar ploeg dit terug om sy alma mater te help studeer. Die beurs is die JJ Kritzinger — A.H.S. Geneeskunde Beurs. Dit behels 'n jaarlikse skenking aan 'n voornemende mediese student van R1 000 en word op meriete, na keuring, toegeken. Daar is reeds nege beurse toegeken.

'n Groot man: lojaal, nederig en 'n groot aansporing met sy navolgenswaardige voorbeeld.

Die oud-Affiebond het hom dan ook vereer met die gesogte Ambassadeurstoekennings.

**Irene Joubert (Schulenburg) is in Pretoria gebore op 2 Oktober 1942. Haar laerskoolloopbaan voltooi sy by Pretoria-Oos. Dit is hier waar sy in st.5 die Moutco Waintsskild ontvang vir die beste prestasie op akademiese- en sportgebied.**

In 1955 sit Irene vir die eerste keer 'n blou keppie op haar kop. Gedurende die jare wat volg verwerf sy erekleure vir swem en word sy gekies as onderhoofmeisie vir haar matriekjaar, 1959. Haar matriekuitslae was 'n eersteklas met A's vir Duits en Wetenskap.

Vra mens haar wat sy van Affies onthou, antwoord sy deur eers 'n rukkie na te dink: "Vrydagoggende in die saal, het Juffrou Steijn altyd 'n boodskap gebring wat in jou latere lewe baie kosbaar sou word. Tien jaar nadat ek gematrikuleer het, het ek verlam geraak in 'n motoronlgeuk. 'n Lang en moeitevolle verwerkingsproses het vir my begin. Wat is dit wat 'n mens deur so 'n krisis help? Dit het my jare geneem om te besef hoe waardevol 'n mens se jeugjare, opvoeding en skoolopleiding is. Dit rus jou toe met 'n wapenrusting en jy ontwikkel 'n selfbeeld wat die mens wat jy werklik is, ontbloot. Hoeveel "wapenrusting" het ék as kind van hierdie vrou ontvang?"

Na haar skooljare het sy die BA Verpleegkunde-graad met lof geslaag en ontvang sy die Matroneprys. In 1966 tree sy in die huwelik met Pieter Joubert. Dit is egter kort hierna op 17 April 1971 wat 'n ramp die gesin tref. In 'n motorbotsing word Irene verlam. Haar oudste seuntjie is op slag dood.

Wat so merkwaardig is van hierdie oud-Affie, is dat sy van haar eie hartseer vergeet het en haar begin beywer het vir die mense rondom haar. Sy raak betrokke by Kreupelsorginstansies. Sy was o.a. aanwesig by die stigtingsvergadering van die kwadruplegiese vereniging van S.A. Sy tree by verskeie geleenthede as spreekster op en sy en mev. D. van Niekerk, 'n blinde persoon, bewerkstellig dat daar inligtingsdienste ingestel word om persone met gestremdhede van raad te bedien t.o.v. kursusse, bandhulp vir blindes, ens.

Tussen al hierdie harde werk behaal Irene 'n graad in kommunikasiekunde met lof en in 1981 die Honneursgraad in Kommunikasiekunde, ook met lof. Aan die einde van 1985 verkies die koerant, "Die Transvaler" haar as die Pretorianer van die jaar.

Hierdie keuse verstaan 'n mens, want hierdie oud-Affie se lewensfilosofie is: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat vir my krag gee." Fil 4:13

**— Anina Boshoff en Corlie Schumann**



# Briewe

**96% van Affies hou van Stroom-op!**

**Stroom-op het sy eie meningspeiling gedoen en 'n ongelooflike 96% van die Affies het gesê dat ons koerant of goed of gemiddeld is. Slegs 4% het laat weet dis maar swak. Die redaksie is baie dankbaar oor die uitslag, maar ook oor al die leerlinge se deelname.**

Oor die sport is daar groot eenstemmigheid. Sowat 80% dink dat die sportverslaggewing goed is, maar die algemene kommentaar is dat daar meer foto's behoort te wees — ook meer van die manne van ons broederskool. Soms wonder 'n mens of dit oor sport gaan!

Wat die kultuur betref is daar ook groot tevredenheid — slegs 2% was ontevrede. Alhoewel die res baie gelukkig was wat die kultuur betref, het hulle sterk gevoel dat dit minder eentonig aangebied kan word. Ongelukkig moet 'n mens kultuur verstaan om dit te waardeer.

Een gebied waar Stroom-op ver te kort skiet, is by die humor. Meer as 50% van die medewerkers is baie ontevrede hieroor. Meer tekengrappe, meer oorspronklikheid en 'n groter verskeidenheid word hier vereis. Hier is 'n kans vir elke Affie om deel te neem en bydraes in te stuur. Kom, julle is mos nie suurder as die Affies oorkant die straat nie, of hoe!

Oor die algemeen voel die respondente dat daar ook oor 'n breër spektrum deelname van die gewone Affie moet wees. Elkeen moet kan deel hê en nie net die (baie) uitblinkers nie. Hoe lyk dit met bydraes in hierdie verband?

Met al hierdie wonderlike voorstelle, idees en entoesiasme, is die redaksie daarvan oortuig dat Stroom-op in 1991 definitief nie met die stroom af sal gaan nie!

**— Annie Malan**

*Geagte Redakteur*

*Graag lewer ek kommentaar oor die matrieks se gees: .....*

*Dankie*

**— Bossie**

# Oud-leerling presteer steeds
# FANIE NAUDÉ

**Stephanus Jacobus Naudé is op 20 Julie 1970 in Bloemfontein gebore. Sy laerskoolopleiding ontvang hy aan Laerskool Anton van Wouw, Pretoria.**

Hier is hy reeds toppresteerder op akademiese gebied en prefek.

Hy voltooi sy hoërskoolopleiding aan die Afrikaanse Hoër Seunskool. Vanaf standerd 6 tot 10 swem hy vir die skool se eerste swemspan. Wat sy akademie betref, word hy elke jaar, met uitsondering van standerd 7, aangewys as die top-presteerder in sy standerd. In matriek verower hy die Dux-skild akademie met 'n gemiddelde persentasie hoër as 90%. Hy verower ook toekennings vir die beste prestasie in die vakke Afrikaans, Engels, Natuur- en Skeikunde, Duits en Biologie. Hierbenewens kry hy 'n prys vir die beste handhawer van Afrikaans, gegrond daarop dat hy in sy standerd 9-jaar die Akademie vir Wetenskap en Kuns se Poort-prys vir prosa wen, in sy matriekjaar het hy 'n elfde plek behaal in die landswye Afrikaanse Olimpiade en 'n derde plek in die Hoofstad Kultuurraad se poësiekompetisie.

In standerd 8 en 9 wen hy onderskeidelik 'n brons en 'n goue medalje op Expo vir Jong Wetenskaplikes. Hy ontvang gedurende sy hoërskoolloopbaan meer as 70 sertifikate, 2 goue medaljes en word ook beloon met volle skoolerekleure.

Fanie neem op hoërskool ook deel aan redenaarskompetisies en debatte, dien op die bestuur van die Debatsvereniging, Wetenskapklub en Biologieklub. Hy lewer ook diens as skoolprefek en mediasentrumprefek.

Na afronding van sy skoolloopbaan met ses onderskeidings, skryf hy aan die Universiteit van Pretoria in vir 'n B Com (Regte)-graad, waarna hy beplan om 'n Honneursgraad in Ekonomie en 'n LLB-graad te voltooi. In sy eerste studiejaar verwerf hy pryse vir die beste prestasie in Privaatreg en Afrikaanse Letterkunde en is hy die beste student in B Com (regte) I. In sy tweede jaar is hy weer die beste B Com (regte)-student en vaar die beste in sowel Handelsreg as Latyn en Afrikaans. Vir laasgenoemde ontvang hy die Rapportbeurs en die regter HP van Dykwisseltrofee vir die regstudent wat uitmuntend presteer in Afrikaans. Sy gemiddelde persentasie in sy tweede jaar is 89%. Vir Handelsreg is sy punt 91%, vir Latyn 90% en vir Afrikaans 93%.

Fanie wen in sy tweede jaar ook Nedbank en Ou Mutual se Begrotingskompetisie vir voorgraadse studente. Hy dien ook op die studentekoerant, Die Perdeby, se kunsredaksie, waar hy artikels en resensies skryf. Fanie is ook vanjaar deeltyds aangestel as navorsingsassitent in die Departement Handelsreg.


Vir ontspanning beoefen hy as die tyd en die geleentheid daar is, kanoroei, ski en duik. Tans is Fanie in sy derde jaar, en Affies wens hom alle voorspoed vir die toekoms toe.


## REDAKSIE 1991

| | |
|---|---|
| **Redakteur:** | Jacus Engelbrecht. |
| **Sub-redakteur:** | Johan van Huysteen (Sport) en Abri Venter (Kultuur). |
| Redaksielede: | Johan O'Kelly, Ulrich Kotzenberg, John-Louis Pretorius, Erich van der Linde, Johan Nel, Arno Louw, MJ Lourens, Janneman du Buisson, Braam Naudé. |
| **Fotograwe:** | Gustav van Rensburg, David Louw en Francois Grobler. |
| **Redaktrise:** | Denise Janse van Rensburg. |
| **Sub-redaktrises:** | Dorette Boshoff en Johanneke van der Merwe. |
| **Redaksielede (St.10):** | Ulla Botha, Lilanie Brenkman, Liezl de Beer, Friedie Jacobs en Jolize van Schalkwyk. |
| **Redaksielede (St.9):** | Anina Boshoff, Therese Bentum, Marika Botha, Margerethe Jordaan, Annie Malan, Corli Schumann en Christel Wolmarans. |
| **Redaksielede (St.8):** | Marelie du Plessis en Franél le Grange. |
| **Fotograwe:** | Adine Roode, Nadia van der Walt en Melanie Beckley. |

# Affies

— John-Louis Pretorius



**Dit is reeds aan die begin van die jaar baie duidelik dat Affies in 1991 weer, soos elke jaar, homself gaan wees.**

Elke Affie behoort trots te wees omdat hy in Affies is en 'n Affie is. 'n Manier om hierdie trots te wys is deur jou kleredrag. As jy slordig lyk, sleep jy nie net jou naam nie, maar ook jou skool se naam deur die modder. Dit is dus baie belangrik om jou skooldrag met trots te dra. Dit is 'n voorreg om te kan wys dat jy 'n Affie is.

Om volkome deel van Affies te wees is om betrokke te wees. As jy nie self kan deelneem nie, wees betrokke deur te ondersteun. Dit sal verblydend wees om te dien dat ondersteuning by byeenkomste of wedstryde van die skool verbeter.


Dit is baie verblydend om die entoesiasme wat in die skool heers, waar te neem. Almal is baie optimisties oor wat nog hierdie jaar deur Affies bereik kan word. (Dankie vir julle entoesiasme en bou voort daarop. So kan Affies nie anders as om van hierdie jaar 'n sukses te maak nie.)

## *Stel jou voor:*


- *John-Louis, betyds vir 'n klas;*
- *Schalk, sonder sy baadjie;*
- *Diederik de Roos wat 'n partytjie hou.*
- *Janneman dronk.*
- *Morné sonder Karen.*
- *Karen sonder Morné.*
- *Melt met hare.*
- *Tobias (our own Rapman) met beenhare;*
- *Johan v H (Gesensor).*
- *Eswee wat nie in die klas slaap nie!*

— **Francois Grobler St.10**

**Wat is swart, gevaarlik en sit in 'n boom?**
*'n Kraai met 'n masjiengeweer.*
**Wat beweeg teen 120 km/h onder die grond?**
*'n Mol op 'n motorfiets.*



# ONNIES ONDER DIE SOEKLIG



## Rolprente

| | | |
|---|---|---|
| Mev Veldsman | — | Mighty Mouse |
| Mnr Burger | — | Almost an Angel |
| Mnre Heyns & Voges | — | Baby Boom |
| Mnr C Kruger | — | Oh Schucks — Here comes U*N*T*A*G |
| Mnr Louw Myburgh | — | Bad Influence |
| Mnr Mattheus Myburgh | — | Like Father like son |
| Mnr G van Wyk | — | Home Alone |
| Mnr Visagie | — | Jaws 3 — The Revenge |
| Mnr Visagie se vrou | — | A fish called Wanda |
| Mnr Voges | — | A.W.O.L. Absent without leave |
| Mnr Van Rooyen se kind | — | Problem Child |

## Liedjies

| | | |
|---|---|---|
| Mev Saayman | — | Shakespeare's Sister |
| Mev Van Zyl | — | Dangerous |
| Mnr Edwards | — | Sleeping with the past |
| Mnr Kruger (Hoof) | — | Money for nothing |
| Mnr Kriek | — | Jump for my love |
| Mnr Le Roux | — | All time high |
| Mnr Voges | — | Surfing U.S.A. |
| Mnr Heyns | — | Die padda wil gaan opsit met sy nooi in die vlei. |
| Mnr Du Plessis | — | Does your mother know |
| Mnr Van Huysteen | — | Another one bites the dust. |
| Mnr Van Rooyen | — | Thunder Struck |
| Mnr G van Wyk | — | Money Money Money |
| Oom Carl-Heins Venter | — | Crying in the rain |
| St.6e | — | Green Sleeves |


## Sê goed

Mev Van Zyl — Sit mense, sit sit sit. Lees solank die eerste inskrywing.
Mev Veldsman — Staan mooi, kinders, môre, kinders, sit maar, dankie.
Mnr Edwards — Ek gaan nie lank praat nie, maar ...
Mnr Kriek — Dis Bollie: Snert! Waar kom jy daaraan?
Mnr C Kruger — Jou hare!
Mnr Oosthuizen — Komaan, komaan, hardloop, hardloop! Trek aan!
Mnr Swan — Kom pappies, maak gou!
Mnr Van Rooyen — 30 sekondes, dan's die vierkant skoon.
Mnr G van Wyk — Ons doen sommer gou nog 'n hoofstuk vandag.
Mnr Voges — Janneman, los uit vir Skroef!

In ons breë ondersoek van onderwysers se sê goed, het ons op een gemeenskaplike vraag afgekom wat deur meeste van die matriekonderwysers en -onderwyseresse gevra word: "Waar's John-Louis?"

Die Matrieks moet dan elke keer antwoord: "By die hoof!"

**— Janneman du Buisson & Cornelius van der Merwe**



# 'n Affie se plek in die lewe buite Affies

**— Chris Steyn**

**Wat het skool vir my beteken? 'n Moeilike vraag. Die gunsteling wysheid wat die meeste oud-skoliere hul ten doel stel om aan die ongelukkiges wat nog op die skoolbanke sit oor te dra is gewoonlik iets in die lyn van: "Wag maar tot jy uit die skool is, dan sal jy daarna terugverlang".**

Terugverlang na skool? Nooit!

'n Mens kom op 'n stadium in jou lewe wat die skoolsisteem net nie meer vir jou aanvaarbaar is nie. Jy wil jou eie lewe op jou eie manier rangskik en al die ingryping van onderwysers frustreer jou. Op hierdie stadium kom die Universiteitslewe as 'n ware lafenis.


Wat egter nie weggeredeneer kan word nie, is dat die skool waarin jy jou hoërskooldae voltooi, jou lewe grootliks beïnvloed. Hoewel ek nooit weer op die skoolbanke sou wou sit nie, mis 'n mens dit wat sinoniem is met Affies.

Affies bind jou tot 'n eenheid, dit gee jou tradisie en bied jou iets om op trots te wees in die latere lewe. 'n Affie is maklik uitkenbaar op Universiteit. Dit is die enigste mense wat die eienaardighede van die universiteitslewe met selfvertroue en 'n doelgerigtheid tegemoet gaan.

Hoewel min mense met my sal saamstem, wil ek aanvaar dat 'n Affie ook op akademiese gebied beter toegerus is om die werk te hanteer. Die onderskeid tussen oudleerlinge van skole soos Affies, Boy's High en St Albans en diegene van ons ander buurskole is baie duidelik op akademiese gebied. Waar die oud-Affies weet hoe om te dink, probeer die meeste van hierdie studente om hulleself bloot af te rig vir eksamens (soos wat hulle op skool geleer is). Dit lei tot groot smart vir selfs kandidate wat vele onderskeidings in die eindeksamen behaal het.

My raad aan alle Affies sou wees om te besef wat jy het voor dit te laat is om die skool te ondersteun, al dink jy ook wat van die sisteem en om jouself uit te leef en te geniet terwyl jy nog kan.

# Interhoër-delikatesse




"Cool, Dude!"
O wee !
n AFFIES
"Flashdance"
Ek en Chorl ry in ons kar a-a-oe-a-a-oe-a-a!!
"Nyle" Puncho - dalk te veel stres ?
Agter
Voor
"Flower-Power"
Dominoes


Schalk .... Slaap hy dalk met sy baadjie?
Uit op Parool!
Stroom-op Redaksielid ... !
Gesoek. Vermis.
Africa! (Naked)
Sy voel soos 'n raket
"Komaan, sit hom op die lip!"
GESENSOR!!
MAFIA - SHADES - FRISCHRIS GESKORS.
Corrie Jorrie se worsie wapsie is vreeeeslik lief vir hom
Dis verby! Jy kan jou oë oopmaak
Check die kousesesese ...
IS DIE STOKKIE DALK IN

# SOSIAAL

## St.9 Sosiaal


**15 Februarie, 'n dag na Vaaltyn, het die standerd nege Affies bymekaar gekom om te** *"party!".*

Met vonkelende oë en afwagting op die dag se gebeure, het almal wat 'n Valentynskaartjie ontvang het, gesoek na dwalende oë in haar of sy rigting. Die vure en Martin Potgieter se entoesiastiese gesindheid het die ys gebreek.

Vinnig was die seuns besig om hul spiere te flits met die "Volley-ball", sagte bal. Die lekkerste van als, die ingooi van die meisies in die swembad. Stadig maar seker het die meisies ontdooi en saam begin speel. Dié wat droog wou bly, het hulself skaars gehou, terwyl die ander begin braai en mooi lyk het.

Alhoewel die onderwysers toesig gehou het, was hul te " " om deel te neem en het onder die bome gekonfereer oor die wolkomberskwessie in die Kongo!

Dit was 'n heerlike middag wat goed benut is en goed gereël is deur die standerdraad en mnr Theron. Peter Fairbanks, die geeskoning van Affieland, was besonder stil, maar het 'n belowende en 'n vurige 1992 beloof.



*Sosiale neges.*

## 'n Sosiale "treffer"

— Christel Wolmarans


**Vrydagmiddag, 15 Februarie, om twee-uur, was dit D-dag vir enige st.9. Alhoewel daar nie vasgestel kon word of dit a.g.v. vrees was nie, het die eerste siele eers teen twintig voor drie opgedaag — daarna het die getalle gelukkig darem toegeneem.**

Die sosiaal moes die vorm van 'n bring-en-braai aanneem. Enkeles het egter gebraai. Die seuns was die enigstes wat geswem het. Hier en daar het 'n meisie of twee wel "per ongeluk" in die water beland. Die wat watersku was, het hulle besig gehou met vlugbal en sagtebal (of "volleyball" en "baseball", vir die wat wonder!) — die meisies het hier geskitter in hulle vaardigheid.

Dit is moeilik om na afloop van die funksie 'n algemene mening te lug, omdat sekere groepe dit as 'n sukses beskou het en ander as 'n vermorsing van tyd. In die breë gesien was dit 'n gewone, gemiddelde st.9-Affie-sosiaal.

## St.8 Sosiaal

— Gené van Heerden



**"Ag nee", het almal gesug. "Hier kom 'n flop", het ons gedink. Was Vrydag 22 Februarie toe 'n verrassing!**

Aan die begin het die apartheidsindroom die oorhand gehad, maar die st.8-Affies laat hulle nie onderkry nie.

Die sosiaal was so 'n groot sukses as wat 'n sosiaal maar kan wees. Mev. Hauptfleisch en mej. Meij het 'n wakende ogie oor die vlugbal, swem en rugby gehou. Later het mejj Meintjes en Norval oorgeneem! En het hulle oorgeneem! Wie sou nou kon dink dat 'n juffrou kan vlugbal speel? Na 'n verwoestende byaanval, het mej. Meintjes ook haar slag as dokter gewys! Ons standerdvoog, mev. Van Straaten, het ook kom kyk of ons dit darem nog oorleef.

Van die braaiery het daar nie veel gekom nie. Die gesels het egter hiervoor vergoed. Baie dankie aan al die organiseerders wat die middag so goed gereël het. St.9-sosiaal, hier kom ons!


## Matriek Bal-jaar




*Eenie,* **Meanie**, *Maainie, mou!*

## Stel jou voor: (St.9's)

— Lizette H vriendelik met S.J.;
— Walda met rooi hare;
— Purchase in 'n Speedo;
— Louw sonder ... harre;
— Bernard met 'n meisie;
— Jannie met een meisie;
— Gert met wit hare;
— Zirk as ideale Affie;
— J.P. sonder Bennie;
— Pieter sonder 'n "image".
— Anke sonder 'n "smile";
— Ettiënne met 'n "image";
— O'Kelly sonder "stress."
— Johan Nel met 'n normale meisie.
— Fairbanks sonder "browns."



*Dames, dogters en mnr. de Villiers ...*







*Weg-"swem" in pouse.*







*Wiskunde is "Hunky-Dorey"!*

## Interessante huishoudkundefeite — soos aan die kaak gestel deur die st.6'e:

**Die verantwoordelikhede van 'n verbruiker:**

— om onnodige dinge te koop;
— om kos te kook;
— om die huis skoon te maak;
— om 'n goeie werker te wees;
— om nie uitbundig te wees nie.


**PPC het hierdie bladsy geborg.**

# SPORT

## Skaaknuus

— Mev M Saayman

**Op Saterdag, 9 Februarie, het die AHS Skaakklub 'n baie suksesvolle interne toernooi aangebied om die skaakleer in orde te bring. Twee en dertig spelers het deelgeneem aan die toernooi wat in 5 rondtes afgehandel is.**



*Jaco Cloete — Skaakkampioen.*

Jaco Cloete (st.9) het as wenner uit die stryd getree en beklee tans die nommer een-posisie op die leer. Die dag het heelwat verrassings opgelewer en daar is 'n paar spelers wat sal moet daag om weer hul oorspronklike posisies op die leer te kan inneem.

Op Saterdag, 9 Maart, vind die Affies Blitz 30:30 in die AHS skoolsaal plaas. Kennis is aan al die Pretoriase hoërskole gegee met die hoop dat ten minste 100 spelers dié dag sal deelneem. Daar is 'n eerste, tweede en derde prys vir algehele wenners, standerdpryse en 'n spesiale prys vir die skool met die meeste inskrywings. Kontak mev Saayman vir verdere besonderhede.

Die volgende skaakspelers dien hierdie jaar op die skaakbestuur: Vickie de Kock (Voorsitter), Kolver Kruger (Sekretaris), Johan Spies (Penningmeester), Martin Coetzee (Redakteur van "die Ruiter") en Basil Olivier (Sameroeper van die Sosiale Komitee, wat bestaan uit die res van die matriekspelers.) Baie projekte word vir dié jaar beplan, o.a. 'n aand van pretskaak waartydens ons dubbelskaak en muntskaak gaan speel. Ons beplan ook om 'n paar groot geeste in die skaakwêreld te nader om die klub te kom toespreek.

Tans is AHS besig met die Noord-Transvaalse Geslote Kampioenskappe en oefen ook fluks vir die ligawedstryde wat volgende kwartaal 'n aanvang neem.

Daar sal weer, soos verlede jaar, vier spanne aan die ligawedstryde deelneem. Vanaf volgende Maandag van 14:15 tot 14:45, gaan mnr Heyns lesse aanbied in openingspel, middelspel, eindspel en notering vir die spelers van die tweede, derde en vierde spanne. Almal wat nog by die skaakklub wil aansluit is baie welkom.

## Top Tien swem wenners

**Op Saterdag, 23 Februarie 1991, swem die AHS A-span en B-Span in die Top Tien Skole Uitnodigingsgala. Daar word tydens hierdie byeenkoms teen 9 ander skole deelgeneem:**

Die AHS-spanne vaar besonder goed. Hulle sukses tydens hierdie byeenkoms word weerspieël in die puntestand na afloop van die byeenkoms.

AHS A-span — 347; Benoni — 315; Nelspruit — 282; Willowridge — 277; Menlopark — 261; Capricorn — 259; Tom Naude — 231; Brits — 186; Overkruin — 179; Steelcrest — 135; AHS B-Span — 93;

Die Inter-Skole Gala het op Dinsdag, 5 Maart 1991, plaasgevind. Sewe skole neem deel aan hierdie byeenkoms. Weer kwyt die AHS-swemspan hulle baie goed van hulle taak. Die puntestand aan die einde van hierdie byeenkoms was as volg:

| | Seuns | Dogters | Totaal |
|---|---|---|---|
| AHS | 176 | — | 176 |
| Willowridge | 143 | 114 | 257 |
| Menlopark | 133 | 161 | 294 |
| Overkruin | 100 | 87 | 187 |
| Steelcrest | 62 | 103 | 165 |
| Die Wilgers | 55 | 58 | 113 |
| AHM | — | 147 | 147 |

AHS se swemspan behaal 13 eerste plekke.

Johan Bekker swem nuwe rekordtye in die volgende items: Vryslag 100m met 'n tyd van 58,95; rugslag 100m met 'n tyd van 1,11.56.

Die volgende swemmers behaal almal eerste plekke:

J Bekker — Individuele Wisselslag; H Cruse — 50m Vryslag S/O 15; J Bekker — 100m Vryslag Ope; J Erasmus — 50m Borslag S/O 15; E van der Linde — 100m Borslag Ope; S Rothmann — 50m Rugslag S/O 16; J Bekker — 100m Rugslag Ope; H Cruse — 50m Vlinderslag S/O 15.

Die aflosspanne vaar ook baie goed en behaal eerste plekke in die volgende items: Wisselslag Aflos S/O 14; Wisselslag Aflos S/O 16; Wisselslag Aflos Ope; Vryslag Aflos S/O 15; Vryslag Aflos S/O 16.

Die B-Span vaar ook baie goed tydens hierdie byeenkoms:


AHS B 82
Overkruin B 80
Steelcrest B 64

*Baie geluk aan al die swemmers wat meegehelp het om van die swemseisoen 'n groot sukses te maak. Baie dankie vir die toegewyde oefening en sportmangees!*

**JH Nel**
**Swemorganiseerder**

## Affies — steeds Tops!





**Gedurende die eerste termyn het Affies in sy atletiekprestasies geskitter. Hy het van die begin af gewys dat daar definitief 'n ding aan die kom is.**

Van die eerste atletiekbyeenkoms af het verskeie atlete alreeds bo 800 punte op die Sasol-tabel verwerf. 'n Paar van die toppresteerders is:

| Seniors: | Juniors: |
|---|---|
| Riaan Cloete — 800 m. | Riaan Olckers — gewigstoot; |
| Interhuis — 158,2; | Interhuis — 14,36; |
| Brits — 1:58; | Ben Voster — 14,98; |
| Ben Voster — 1:59; | Waterkloof — 14,6; |
| Waterkloof — 2:01. | Oos-Moot — 15,8. |



Daar was verder ook 'n paar ander toppresteerders wat uitstekend in hul afsonderlike items vertoon het, nl.

**Servaas Britz:** O/15 HS/VS Rekord Oos-Moot.
**Vivian le Roux:** O/17 Baie goeie vordering 400m.
**Werner Boshoff:** O/14 100m en 200m.

### Aflosse

**Aflosse (Affies wen al 5'**

1. O/14 — 48,68 sek. 930 punte
2. O/15 — 45,52 sek. 980 punte
3. O/16 — 45,09 sek. 955 punte
4. O/17 — 45,03 sek. 880 punte
5. O/19 — 42,96 sek. 985 punte



### Finale Puntestand:

8. 108 — Gerrit Maritz
7. 111 — Garsfontein
6. 155 — Hartbeespoort
5. 163 — Brits
4. 171 — Menlopark
3. 183 — Swartkop
2. 207 — Waterkloof
1. 290 — Affies

## SPORTSNIPPERS — Wat doen al die uitblinkers?

**Mnr M Voges, Springbokspan-stoeikaptein gaan van krag tot krag.**

Kenners reken hom as een van die heel bestes wat sy plek uitstekend sal volstaan in die wêreldstoeiklub.

**Mnr Pierre le Roux het reeds op skool Oos-Transvaalkleure in atletiek verwerf.**

Met John Short se hulp en leiding het hy die 400m in 45,83 sek. afgelê en ook die groen- en goud verwerf. In sy derde jaar verbeter hy na 45,57 sek. Beste tye: 200m 21,20 (e); 400m 45,57 (e); 800m 1:51m5 (e).

**Mnr Hennie Kotze het die Springbokspan vier keer verteenwoordig in 1980 (400m) 1983, 84 en 85 (400m H).**

Hy verbeter Gert Potgieter se 23 jaar oue SA en voormalige wêreldrekord in die 400m H met 'n tyd van 49,26 sek.

Mnr Kotze het aspirasies om internasionaal deel te neem indien SA binnekort weer toegelaat word.


Beste tye: 100 10,67 (1980); 200 20,8 (1983); 400 45,9 (1980); 400m H 49,26 (1983); 800 1.50,76 (1986).

**Jacques de Beer beoefen reeds vir 'n jaar lank kontak-karate (skopboks).**

In dié tydjie het hy reeds Noord-Transvaalen Junior Springbokkleure verwerf asook die swart gordel.

*Raymond Parsons is ook 'n skopbokser wat reeds eerste plekke in die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe verower het.*

*Craig Franklin skerm steeds eerste plekke op die SA's los.*



*Krieketster, Philip Roesch in aksie.*

## Krieketster - Philip Roesch

Behalwe vir skoolkrieket het Philip in st 7 Klubkrieket by Quins begin speel waar hy eersteliga krieket gespeel het en so nou en dan 'n vyftigtal aangeteken het.

Einde verlede jaar het hy na Bereapark verskuif waar hy vir hulle tweede span in twee wedstryde twee sestigtalle aangeteken het. Daarna is hy vir hulle eerste span gekies waar hy in agt kolfbeurte onderskeidelik vier vyftigtalle aangeteken het (64, 75, 58, 60). Die hoogtepunt het egter gekom teen NKP waar hy 155 lopies aangeteken het. Dit het 'n 24x4 en 1x6 ingesluit. Hy is ook onlangs gekies vir die Noord-Transvaal se Nuffieldspan.

Hierdie nederige maar kranige krieketspeler, is natuurlik ook 'n goeie rugbyspeler (al het hy migrainestatus).

## SPORT

# Interhoër Swemgala

— Margarethé Jordaan

**Op Dinsdag, 5 Maart, het die jaarlikse Interhoër Swemgala by L.C. de Villiersswembad plaasgevind. Anders as die afgelope aantal jaar, het Meisieshoër nie met die louere weggestap (of weggeswem) nie.**

Nietemin is daar soos gewoonlik puik prestasies gelewer. Annette Hartman, O/14, het die 50m-vryslag en 50m-vlinderslag gewen, en ook die rekord in die vryslag verbeter. Uschi Dahlman (O/14) het die 50m-rugslag gewen. Nog twee eerste plekke is deur Christelle van Niekerk (O/16) behaal — in die 50m-borsslag. Die res van die swemspan het ook goed gevaar.

Nadat twee items van die byeenkoms uitgereën het, was Affies tweede na Menlopark, met veertien punte verskil tussen hulle.



*N Tvl-swemsters*

Baie geluk aan Seunshoër met hulle oorwinning in die seunsafdeling.

Dit was egter jammer om net so 'n handjievol ondersteuners om die swembad te sien. Die swemspan oefen baie hard en verdien die hele skool se ondersteuning. Miskien kan ons die swemspan tot oorwinning aanspoor deur hulle volgende jaar ten volle te ondersteun!


# Interhuis Atletiek

— Lilanie Brenkman




**Kom wind, kom weer, niks sal ons nou keer! Menige Affie het seker op Maandagoggend, 21 Januarie so gevoel, op die dag waarop Interhuis II sou plaasvind.**

Toevallig was dit toe 'n sonnige en windstil dag!



Om half-nege het al die atletiekhuise (met die koshuis natuurlik ver in die meerderheid) die atletiekveld bestorm. 'n Gesing, geskreeu, gehardloop, gespring en gegooi het dadelik losgebars. Middae se harde oefening in die son het heelwat rekords opgelewer. Baie geluk aan Lynette Carstens, ons junior "Victrix Ludorum", en Hedwig Venter, ons Se-Senior Staatmaker. Huis Le Roux, die geel blitse, het die spankompetisie ver gewen. Hulle het dan ook gespog met die beste onder/19-aflosspan, die junior "Victrix Ludorum", die beste veld- en ook die beste baanatlete. (Hierdie artikel is baie onpartydig geskryf!)

Die dirigente het ook voor die toeskours geskitter, o.a. as blommemeisies en tronkvoëls. A.g.v. die koshuis se puik deelname en teenwoordigheid, het hulle die geesbeker ingepalm. Interhuis II sal seker nie gou vergeet word nie!







# Tennis

**Die twee sterre van Affie-tennis Anton Louw en Gareth Williams het individueel uitstekende prestasies behaal (buite skoolverband).**

Gareth, 'n st. 8-leerling van Affies, het waarskynlik sy eerste groot ideaal verwenslik deur as die nasionale O/16 kampioen gekroon te word. Hy het 'n hele week lank skoonskip gemaak — van die beste juniors in die land in sy ouderdomsgroep en die hele week nie 'n stel afgestaan nie.

In die dubbels het hy en sy maat, F Bosman, ook die dubbels redelik maklik gewen. In Desember het hy in die sogenaamde Suiker-reeks ook naam gemaak deur drie van die vier toernooie te wen. Hy is ook so pas verkies as die nommer twee gekeerde van N Tvl se interprovinsiale span.

Anton het in dieselfde nasionale kampioenskappe vyfde geëindig na 'n week van verskeie terugslae. Hy en Craig Myburg het egter met die dubbelslouere weggestap. Anton is ook so pas verkies as die nommer een gekeurde en as kaptein van N Tvl se Junior Interprovinsiale Tennisspan.



*Amelia van der Merwe, is ons nuutste tennisster in Affieland. Sy het die Noord-Transvaalse "Inter-Pro" span gehaal.*

# Koshuis doen dit weer!

**Toe die koshuis Vrydagoggend, 18 Januarie om die hoek van Pannevis-koshuis aangesing kom, het almal geweet — hier kom 'n ding.**

Ongelukkig wou die weer nie saamspeel nie en moes die atletiek uitgestel word tot die daaropvolgende Maandag. Die meeste was heel tevrede met die besluit, want dit het minder skool beteken! Toe Maandag uiteindelik aanbreek, is almal af na die atletiekbaan om hul staal op die atletiekbaan of op die pawiljoen te wys.

Vanuit die staanspoor was dit duidelik dat die koshhuis nie maklik as kampioen onttroon sou word nie. Op die pawiljoen waar daar ook nie eintlik kompetisie vir die koshuis sou wees nie, het hulle toe ook gewen.

Riaan Cloete en R Olckers is onderskeidelik as die senior en junior Victor Ludorum aangewys. Riaan het eerste plekke behaal in die 1500m (765 punte op die Sasoltabel), 3000m (655 punte) en het ook die beste middelafstanditem gelewer met sy 800m (975 punte) - 'n totaal van 2 155 punte op die Sasoltabel.

Olckers se eerste plekke is in die spiesgooi seuns o/14 (670 punte), skyfwerp (525 punte) en sy gewigstootpoging van 14,68m ('n volle 950 punte!) het vir hom 'n groottotaal van 2 145 op die Sasoltabel besorg.

Ander prestasies bo 800 punte op die Sasoltable was:

- G Esterhuizen, 200m S o/15, 23,4 sek - 805 punte.
- W Boshoff, 100m S o/14, 12,2 sek - 810 punte.
- Koshuisaflos, Aflos S o/16, 47 sek - 820 punte.
- A Geyser, Hoogspring S o/16, 1,85m - 835 punte.

Die eindtotaal: vierde was die Elande met 246½ punte, derde die Koedoes met 331 punte, die Hartbeeste was tweede met 334½ punte en 'n wegholoorwinning: die Kos huis met 604 punte.

# Skietuitslae Hendrik Verwoerd en AHS (Tuis)

**AHS Seniors** behaal gemiddeld 93,3%;
**H Verwoerd Seniors** behaal gemiddeld 83,08%;
**Beste Skuts:** 1. Jacques du Barry — 99%; 2. Fritz van Rensburg — 97,5%; 3. Bennie Botes — 95,5%.
**AHS-Juniors** behaal 'n gemiddeld van 90,91%.
**H Verwoerd Juniors** behaal 'n gemiddeld van 66,7%;
**Beste Skuts:** 1. Theo Nell — 96%; 2. Gerrie Stols — 95; 3. Johan Nel — 93%.

# Interhuisswem: 1991

— Friedie Jacobs

**Ten spyte van donderwolke wat die hele dag vir gietende reën gesorg het, het dapper swemmers tog die middag van 29 Januarie Hillcrest se water aangedurf.**

Ou staatmakers soos Annette Hartmann, Uschi Dahlman en Christelle van Niekerk het weer vir puik prestasies gesorg en hier en daar het ander swemsters ook vir opwinding gesorg, soos byvoorbeeld Corné Moolman, wat die 100m borsslag ingepalm het.

Die Geles, Huis Le Roux was hierdie jaar weer die uitblinkerhuis en het met 'n baie groot punteverskil uit die stryd getree, alhoewel die ander drie spanne ook 'n goeie "vertoning" gelewer het.





'n Miljoen Rand in jou kind se naam met Rentplan


- RENTPLAN plaas u kind op die WENPAD.
- Premie so LAAG as R25,00 per maand.
- OF: Teen 'n premie van R35,00 per maand en 'n premiegroei van 10% * per jaar sal u kind binne 40 jaar 'n miljoenêr wees (teen huidige verklaarde bonusse).
- RENTPLAN verseker u kind se toekoms.
- RENTPLAN is 'n versekeringsplan met die doel om u kind nou reeds BESKERMING en FINANSIËLE sekuriteit te bied.

Rentmeester Versekeraars Beperk

VIR VERDERE INLIGTING SKAKEL (012) 862000 OF
SKRYF AAN RENTMEESTER HOOFKANTOOR PRIVAATSAK X219, PRETORIA 0001

* Teen 'n bonuskoers van 12% per jaar sal die opbrengs R455 045 wees.


# Stefans is Tops










## Sasol-uitblinkers

| | | |
|---|---|---|
| **SEUNS O/19:** | | |
| 400 | 2. André Ferreira | 48,73. |
| 800 | 2. Riaan Cloete | 1:53,90. |
| 1 500 | 2. Riaan Cloete | 4:02,70. |
| **DOGTERS O/19:** | | |
| GS | 3. J du Plooy | 11,73. |
| DG | 2. J du Plooy | 42,14. |
| **SEUNS O/17:** | | |
| 1,500 | 2. Rudi Gunter | 4:04,60 |
| **SEUN O/15:** | | |
| 400 | 1. S Brity | 53,60 |
| 1 500 | 2. F Strydom | 4:20,30 |
| VS | 3. Sheldon Heuer | 5,87. |
| GS | 1. Sheldon Heuer | 15,80 |
| **DOGTER O/17:** | | |
| 800 | 3. M Basson | 2:14,60 |
| 1 500 | 2. M Basson | 4:42,30 |
| 80H | 1. L Carztens | 12,12. |
| **DOGTERS O/15:** | | |
| 100 | 2. A Cronje | 12,51 |
| 800 | 1. S Cullen | 2:11,40 |
| 500 | 1. S Cullen | 4:4,11 |
| 80H | 3. M du Plessis | 12,21 |
| VS | 2. A Cronje | 5,00. |

# AHS Swemspan



# Sportman van die kwartaal: JOHAN BEKKER

— Johan van Huysteen

**AHS se swemspan het hierdie jaar al groot hoogtes bereik deur die Interhoër- en ook die Top 10-swemgalas te wen.**

Een van hulle groot staatmakers was Johan Becker. Hy is dan ook Affies se sportman van die kwartaal. Stroom-op het besluit om hom te gaan uitvra hoe hy oor sy swemloopbaan voel.



*Johan Bekker*
**Foto: Gustav van Rensburg**

**Johan, wanneer het jy begin swem?**

Ek het in 1981 begin swem toe hulle my gevra het om vir die skool te swem en van die begin af het ek daarvan gehou.

**Behalwe swem, aan watter ander sportsoorte neem jy deel?**

Ek speel graag gholf en muurbal, as ek tyd het.

**Hoeveel keer het jy al provinsiale kleure verwerf?**

In 1982 het ek vir die eerste keer Noord-Transvaalkleure verwerf en van toe af elke jaar. In st.5 was ek kaptein van die Noord-Transvaal Skole Swemspan en in 1991 is ek as onderkaptein verkies. Ek het ook pas in die SA's geswem en my kleure (in Kaapstad) verwerf.

**Wat dien vir jou as aansporing om te oefen en aan te hou?**

My afrigter is een van my grootste aansporings en dan ook een van my vriende wat sy Springbokkleure hierdie jaar verwerf het.

**Beplan jy om na skool voort te swem?**

Ja, ek sal definitief aanhou swem vir omtrent ses jaar nadat ek uit die skool is.

**Wat gaan jy volgende jaar studeer?**

Ek wil graag BA LO gaan studeer en dan my honneurs in Biokinetika of Sportsielkunde doen. Ek hoop ook om 'n sportbeurs te kry.


**Watter raad het jy aan ander swemmers?**

Al raad wat ek vir ander swemmers het, is om hard te oefen en nie moed te verloor nie. Selfdissipline is noodsaaklik en moenie dat ander mense jou afsit nie. Jy doen wat jy doen vir jouself en nie vir iemand anders nie, so doen dit goed.

**Wat dink jy van Affies se swem?**

Affie se swem is goed, maar hulle moet meer oefen. Sterkte vir volgende jaar se swem, Affies. Ons dink aan julle.

*Stroom-op wil net vir Johan bedank, en hom sterkte toewens vir die toekoms. Laat Affies se lig altyd brand.*











# Sportvrou van die kwartaal: JEAN ELS

— Denise J van Rensburg

**Na vyf jaar se intensiewe swemoefening, kan 'n mens seker wees dat lewensredders sal begin terugstaan, maar Affies se junior kampioen Jean Els laat tot die haaie verslae staan!**

Op die Suid-Afrikaanse lewensreddingskampioenskappe in Februarie, het Jean stof (of is dit nou water?) in talle Springboklewensredders se oë geskop. Nie alleen verpletter sy verskeie rekords nie, maar sy tree ook as "Victrix Ludorum" uit die stryd. Sy erken dat sy, as die jongste swemmer, skrikkerig gevoel het tussen al die "oues van dae", maar haar inspirasie, d.w.s. die feit dat sy slegs vir haar eie genot swem, het haar sukses verseker.

Haar liefde vir water het reeds kleintyd ontstaan en geen watermassa was te groot of te koud nie. As enigste kind moes Jean haar op verskeie maniere besig hou. Buiten die twee ure se oefening elke dag (dwarsdeur die jaar!), is sy ook 'n gereelde besoeker aan die gimnasium.

Jeanne is positief oor haar swemtoekoms. Sy wil haar Springbokkleure in lewensredding verwerf en op internasionale vlak deelneem. Haar wenresep?

"Ek moet, ek kan, ek wil, ek sal en ek gaan my beste doen!"

— **Denise J van Rensburg**

Typographically prepared by Wentzel Coetzer Printers, Tel 3232787 and printed by **The Pretoria News** (Pty) Ltd, 216 Vermeulen Street, Pretoria. Tel 3255382